



Journal
D-9
hits
the
big
time
Page 8

Culture

Festival goes
'The Grey
Way'




Page 9

Sport

Gholf as
skoolsport
groeï met
rasse skrede

Bladsy 11



Dis wéér soos in '81

Eerstespan ewenaar rekord van ses spelers vir SA-Skole



Johan Goosen, losskakel van die eerstespan, probeer die Glenwood-verdedigers ontwyk in die jaarlikse interskool-kragmeting, wat vanjaar in Bloemfontein plaasgevind het. Die eerstespan, wat spog met 6 SA-skolespelers, het die wedstryd met 62-3 gewen. Foto: Tim van Biljon

William Small-Smith

Nog 'n rekord vir Grey! In die afgelope Junie-vakansie was 6 van Grey se top-rugbyspelers gekies om die S.A. Skolespan te verteenwoordig.

Hierdie is 'n prestasie wat nog net een keer in Grey se verlede behaal is, wel in 1981. Met 'n beseerde Francois Venter, wat verlede jaar reeds S.A. Skole gespeel het, kan mens nie help om te wonder of dit nie miskien 7 kon wees nie.

Die 6 spelers wat in die span ingesluit

is, is Carl Wegner, Riaan Britz, Piet Lindeque, Jean Cook, Pieter Rademan en Stephan Kotzé. Wat die prestasie nog meer merkwaardig maak, is dat al 6 spelers in die begin 15-tal was.

"Dis 'n eer en 'n trots om jou land te verteenwoordig, maar die onverklaarbare gees en liefde van Grey bly steeds net aan Grey uniek," sê Carl Wegner.

Grey se eerstespan-kaptein, Pieter "Raddas" Rademan, het die groot eer ontvang om as die S.A. Skole-kaptein op te tree tydens hulle oefenkamp en twee

internasionale wedstryde in Kimberley. "Dit was makliker as wat ek ver wag het om die Nasionale span te lei, seker maar omdat die helfte van die span al heel jaar saam in speel," sê Pieter Rademan.

Grey se voorspelers het dié jaar letterlik oor ander spanne gestorm, met Carl Wegner, Stephan Kotzé en Jean Cook aan die voorpunt. "Grey was baie bevoorreg gewees om vanjaar baie fisiese voorspelers te hê, maar steeds het ons nie afgewyk van ware Grey-rugby nie," het mnr Dries van der Wal, rugbyhoof, gesê.

Sport

Soccer

The first team participated in the annual FNB tournament held at Windmill Park during a very busy soccer season.


Page 12



Diepte

Scooter
maak sy
merk
Bladsy 5





Redaksie werk hard om beter te word

Die Stabilis-redaksie het aan die einde van die derde kwartaal weer hul jaarlikse werkswinkel aangebied in die Grey Pawiljoen.

Die werkswinkel is daarop gemik om nuwe lede bekend te stel aan die interessante wêreld van joernalistiek en om bestaande lede weer op te skerp en te vul met entoesiasme. Die nuwe kernredaksie, met Paul Cloete as hoofredakteur, is vol ywer en het die nuwe jaar op 'n goeie noot afgeskop. Daar is gewoonlik 'n paar aanpassingsprobleme vir 'n nuwe redaksie, maar volgens mnr. Pieter Wessels het die jaar sonder enige ernstige haakplekke begin.

Die werkswinkel is, soos in die verlede, deur redaksielede van Volksblad aangebied. Vroegoggend het mnr. André Botha die hele redaksie vertel van uitleg en algemene foute wat gemaak word. Later het die redaksie verdeel. Mv. Sobeth Jordaan het al die nuwe lede 'n deeglike inleiding tot joernalistiek gegee terwyl mnr. Joe Venter die meer ervare verslaggewers onder hande geneem het. Mnr. Hannes Pieterse het op sy beurt die fotograawe touwys gemaak.

Kampioen-redenaar wys ware kleure

Fokus op totale prentjie lê grondslag vir nasionale sukses

Wimpie Greyvenstein

"Geagte voorsitter, beoordelaars, dames en here... Hierdie vervelige cliché is onder normale omstandighede genoeg om selfs die skerpste "dames en here" in 'n somber dagdroom te laat verval. Wanneer Francois Venter begin, is dit dus nie die einde van belangstelling nie, maar die begin van 'n nuwe dimensie in die argumente betrokke, soos wat hy weer by die nasionale rondte van die ATKV-redenaarskompetisie bewys het.

Die kompetisie is vanjaar by die Regsfakulteit van die Universiteit van die Vrystaat aangebied. Francois, 'n Graad 11-leerder van Grey Kollege, was een van 829 leerders wat in die afdeling vir hoërskool seniors gepraat het. Sedert sy eerste redenaars deelname in 2005, het hy in ook 2007 en 2008 onderskeidelik 9de plek in die moedertaal-afdeling, en 3de plek in die addisionele taal-afdeling behaal.

Die redevoering, wat as voorbereide- en onvoorbereide toesprake geklassifiseer word, het om die tema "Maak my oë toe om te kan sien" gehandel. Francois het ook die prys vir die beste onvoorbereide toespraak in dié afdeling gewen. Hy het van sy opponente verskil deur ja te sê vir die gebruik van diere in eksperimente waarby die mensedom baat kan vind. Sy toespraak het oor meer as die emosionele "arme diertjies" gehandel en op die groter prentjie gefokus. Behalwe vir die titel het hy ook ander pryse gewen wat onder andere prysgeld en 'n naweek vir 6 by enige ATKV-oord in die land insluit. Hierby het hy ook 'n stewige Kovsies Geesteswetenskappe-beurs gewen.



Francois Venter, nasionale winner van die ATKV-redenaarskompetisie.

Foto: Harry Vogel

Op die vraag "Wat van jou toekoms?" het hy Stabilis meegedeel dat hy graag onderwys wil studeer en (indien moontlik) dat hy eendag na Grey sal terugkeer om 'n bydrae as onderwyser te lewer in 'n land waar onderwys dikwels aan die agterste speen suig. Hy stem ook klaarblyklik saam met die Franse president, Nicolas Sarkozy, wat tydens sy inhuldigingstoetspraak genoem het dat die beste belegging, 'n belegging in onderwys is aangesien goeie

onderwys 'n effek op alle probleme van behuising tot misdaad het. Francois is ook van mening dat die Suid-Afrikaanse onderwysers in die toekoms beter betaling kan geniet. Dit bly debatteerbaar.

Francois staan tans aan die begin van wat 'n uiters suksesvolle loopbaan as pedagoog kan wees en stel "om tot die gevolgtrekking te kom," 'n hoër standaard vir Grey redenaars in die vooruitsig. "Beoordelaars en lesers," hou hom dop!

Supporter of Grey College



FNB
First National Bank

Proudly South African

Coca-Cola Fortune (Pty) Ltd

Supports
Grey College
Sport



live on the Coke side of life

Coca-Cola

Sy inspirasie word deur talle gemis

Nicolaas Pienaar

'n Inspirasie verlore vir Grey! Die geliefde mnr. Pierre Korkie, wat twintig-en-'n half jaar by Grey biologie asook lewenslesse gegee het, het in Julie 2009 sy bedanking ingedien, maar sal nog lank in ons harte en gedagtes leef.

Mnr. Korkie en sy gesin het die lewe in Suid-Afrika en Bloemfontein verruil om in die buiteland sendingwerk te kan doen en so ook 'n invloed op baie ander se lewens te hê. "Mnr. Korkie het 'n positiewe invloed op die skool gehad. Op 'n stil manier het hy ons almal geraak. Ons was bewus van sy teenwoordigheid en gaan hom baie mis. Mnr. Korkie het vir ons 'n voorbeeld gestel van hoe ons as mense en Christene moet leef," het Edward van der Merwe, gr.11-leerder en landloopatleet, gesê.

Mnr. Korkie was 'n inspirasie en voorbeeld as registeronderwyser, biologie-onderwyser en landloop- en fietsryaftriger. Hy het ons altyd gehelp het om die beste in 'n situasie raak te sien en het sy wysheid en insig met ons gedeel. "Hy was 'n onderwyser van die 'ou garde', 'n Onderwyser wat sy vak gekeken het en dit aangebied het sonder

tierlantyntjies," het mnr. Alex Els, biologie-onderwyser en kollega, gesê. Mnr. Korkie was 'n onderwyser wat glad nie gesukkel het om dissipline in sy klas te handhaaf nie, alhoewel hy gehoorprobleme in sy linkeroor ervaar het.

"Mnr. Korkie was altyd bedagsaam en eensgesind met al die leerders in sy klas. Hy het nooit party leerders hoër as ander geag nie. Leerders het geweet dat hulle enige tyd na mnr. Korkie toe kan gaan met enige probleem. Hulle het geweet hy sal altyd goeie raad uit die Bybel vir hulle gee, daarom kon hulle hom vertrou," het Pieter-Albert Botha, gr.11-leerder asook 'n vriend van mnr. Korkie, gesê. Sy klaskamer het altyd 'n kalm atmosfeer gehad wat die lesse wat hy vir ons geleer het, baie interessant gemaak het.

Lucas Theron, gr.11-leerder, sê: "Ek dink die kinders wat by hom klas gehad het, sal hom baie mis, veral vir die manier waarop hy klas gegee het. Mnr. Korkie was egter meer as dit. Ons almal gaan hom mis vir die persoon wat hy was en die lewenslesse wat ons by hom kon leer." Hy het almal nader aan die Here gebring deur bloot te wees wie hy is.

Popular hockey coach makes a return

Willie Louw

Once you've been at Grey it's hard to stay away... Mr Dixie Dijkman seems to be living proof of that.

He's a proud old boy with good reason. By the time he matriculated in 1988 he had represented Grey College in both first team hockey and golf. After matriculating, Mr Dijkman went to the University of the Free State to study Agriculture. Upon finishing the course he went on to receive his teaching qualification. He started his career as a teacher at Navalsig in 1995. In 1999 he left to come to Grey, where he stayed for six years until leaving in 2005 to follow a new

career at South African Breweries. Now, in August 2009, he has returned to Grey College once again to replace Mr Korkie, who left to go to Yemen earlier this year.

Being a first class hockey player, Mr Dijkman will be coaching some of the school's hockey teams and he will also be involved with the cricket here at Grey College. He teaches Life Science as a subject in H3 (which suits him perfectly because it allows him to slip in some golf on the grass next to his class every now and then).

On behalf of everyone here at Grey College we gladly welcome you back Mr Dijkman.



Springbokke sorg vir onvergeetlike saalperiode

Verskeie skeptici se vooroordele word vir eers 'n nekslag toegedien

Christoff Odendaal

Grey-Kollege word deur die loop van 'n skooljaar deur 'n absolute stroom bekendes besoek, van Gayton McKenzie tot Nelson

Mandela. Vroeg in die derde kwartaal, tydens nog sò 'n saalbyeenkoms, het die seuns 'n klompie van hulle ou helde te siene gekry en somer 'n nuwe een bygekry.

Die 5 oud-Grey Springbokke het net

voor die Drie-nasies wedstryd in Bloemfontein besoek afgelê en het elkeen hulle trotsheid op en gehegheid aan die skool uitgespreek. Soos die Grey-seuns al gewoon is, het ons die ervaring uit elkeen

van dié se monde weereens hoor sê: "Gebruik die geleentheid wat julle het." Toonbeelde van hardwerkendheid en deurstellingsvermoë - Frans Steyn, Heinrich Brüssow, Jannie en Bismarck du Plessis, en Ruan Pienaar - het almal bevestig met woord en daad dat alles moontlik is vir diegene wat met ywer en dankbaarheid te werk gaan.

Jannie du Plessis, die enigste van die vyf wat nie op skool erekleure vir rugby verwerf het nie, het ook sy volle Grey-kleure gekry toe mnr. Johan Volsteedt, ten aanskoue van 1200 juigende skoliere, 'n sertifikaat aan hom oorhandig het. 'n Onverwagte held van dié dag was egter nie 'n Springbok of 'n oud-Grey nie, maar die Bok-breier, mnr. Pieter de Villiers. Mnr. de Villiers het waarlik iets besonder tot die seuns van Grey-Kollege bygedra met sy toespraak - een waarin hy verskeie kostelike, tog roerende weergawes van Bybelse verhale vertel het. Wat mnr. de Villiers bewys het - dat ons ons vooroordele moet laat vaar in ruil vir verdraagsaamheid - is net so uitsonderlik indien nie méér nie.

In 'n steekproef waaraan 30 Grey-leerders en -onderwysers deelgeneem het, het 21 van die deelnemers gemeld dat hulle voor mnr. de Villiers se besoek 'n negatiewe opinie van hom gehad het en die res dat hulle nóg goed nóg sleg van hom gedink het. Na die byeenkoms het 26 uit die 30 ondervraagdes egter 'n positiewe opinie van die Bok-breier gehad, met slegs 4 mense wie se opinies onveranderd gebly het.

Die lesse wat ons op dié dag geleer het uit die verskeie toesprake en gebeurtenisse is waarlik iets om te koester en te onthou.



Grey se Springbokke saam met 2009 se SA Skole-rugbyspelers: (agter) Frans Steyn, Jean Cook, Ruan Pienaar, Carl Wegner, Jannie du Plessis, Stefan Kotzé, Bismarck du Plessis, Pieter Rademan en Heinrich Brüssow (voor) Piet Lindeque, mnr. Dries van der Wal en Riaan Britz.

Foto: Niel Lombard

Virus wrecks interschool-havoc

Claudio Achadinha

The deadly H1N1 virus has been running riot across the world. During this past winter season, while inter-schools were taking place, Grey College became one of its victims.

Our regular inter-school clash with Pretoria Boys' High was cancelled this year due to the outbreak of so-called swine flu in both schools. As many as 400 boys in both schools were absent only two days before the train would have left the station. Many learners were "really disappointed," as Emmanuel Moutsouyannis put it, as most of the boys were looking forward to the trip to Pretoria. "It was a pity that it had to be cancelled, but it was a correct decision. Should the tour have proceeded, many more learners could have contracted the flu", said headmaster Mr J. Volsteedt.

This winter season the absentee lists have been piling up. The sick bay was busier. Ms Elsie Geeringh, the "sick lady", said that flu symptoms were the main cause of the

regular visits to the sick bay. She also said that a few parents confirmed that their children had mild cases of the H1N1 virus. Though there have been numerous absentees and a few mild cases of swine flu, it has not hit our school that drastically. We can be fortunate that we are not attending school wearing face masks. However, some learners think it would be a good idea. "Prevention is better than cure," said Emmanuel Moutsouyannis, fan of the swine flu mask.

Fear of the swine flu has diminished and to many it is nearly the same as normal influenza. However, you can still take the required precautions, such as: staying in bed when you feel ill; washing your hands regularly and taking your vitamins.

The hostel boys had the privilege of having a doctor summoned for them, which "is a positive asset" as Mr Johan Volsteedt said. Brent Pittaway had this to say about the swine flu, "If swine flu gets us in the end, at least we are going to the College till we die!"

Traditional ball is still a firm favourite

Billy Grunow

Grey boys having their dad's wedding suit dry-cleaned and shoes polished could only mean one thing - the Grey Ball. The Grey Ball has become a tradition at Grey, probably one of the boys' favourites.

The past Grey Ball can only be described as a smashing success, thanks to the efforts of the new Ball Committee. The evening's spirit was lifted by the First Team's victory against Glenwood the same afternoon. Jaco de Swardt, a Gr. 10 student who attended the Ball commented, "It was the matrices' last ball, so they made it a great one. There was great music, great food and a great vibe."

The theme for the evening was based on the romantic-fantasy film Twilight and

the hall was transformed into a forest. The music was a variety of English and Afrikaans songs, new and golden oldie hits. Guest of honour, Mr André Bester, thought the ball was a definite success. It was clear to him that the boys and their dates were enjoying every moment of the ball.

It was the first ball organised by the new Ball Committee comprising of Kabi Nkopane, Phil Grimbeek, Niel Marais, Lohan Symington, Hanro Oosthuizen, Paul Jordaan and William Small-Smith. Mr Bester further said, "The emotional effort was so big, I saw them running around during breaks just to get everything perfectly done."

The Ball Committee made a huge first impression on the Grey boys and they are definitely eagerly awaiting the next ball.



HOBBIT

BOUTIQUE HOTEL

ESTABLISHED 1993



SPESIALE NAWEEKAANBOD

R500 per kamer per nag. Ontbyt ingesluit.



Nuwe eienaar:

Jannie van der Westhuizen (Oud-Grey)

TEL / FAX (051) 447 0663

CELL 083 305 8434

info@hobbit.co.za · www.hobbit.co.za

19 PRESIDENT STEYN AVE · WESTDENE · BLOEMFONTEIN



Slaagvereistes sorg vir groter akademiese chaos

Onsekerheid oor die ware toedrag van sake benadeel prestasie op alle vlakke

Gerhardt Nieuwoudt

Die Nasionale Beleid oor Assessering en Kwalifikasies vir Skole, is onlangs hersien om die spesifieke vorderings- en bevorderingsvereistes vir graad 1 tot 9 in te sluit, soos goedgekeur deur die Raad van Onderwys-ministers op 17 November 2008. Dit behels dat leerders in Graad 8, 9 en 10 voortaan net slaag of bevorder word, indien hul:

- ten minste 'n vlakkode van 4, oftewel 50% - 59% (voldoende prestasie) in enige drie leerareas behaal, waarvan die Amptelike Huistaal of Taal van Onderrig, een van die drie leerareas moet wees.
- ten minste 'n vlakkode van 3, oftewel 40% - 49% (matige prestasie) in enige ander drie leerareas behaal, waarvan Wiskunde, een daarvan moet wees.
- 'n Leerder in graad 10 of 11 kan die graad slaag of kwalifiseer vir die Nasionale Senior Sertifikaat indien hy/sy:
- 'n vlak 3, oftewel 40% - 49% (matige prestasie) behaal in enige drie van sy/haar vakke, waarvan die Amptelike Huistaal een moet wees.
- 'n vlak 2, oftewel 30% - 39% (basiese prestasie) behaal in enige drie oorblywende vakke.

Die gedurige veranderinge in slaagvereistes is verwarrend vir leerders, sowel as ouers, volgens meneer J.A. Volsteedt, skoolhoof van Grey Kollege Sekondêr.

Mnr. Dries van der Wal sê dat die probleem van druipele reeds in die Grondslagfase sy oorsprong het. Volgens

hom sukkel baie leerders met Wiskunde en tale asook die hooftaal.

By een skool het 'n skokkende opname bevind dat 24% graad 9 leerders as druipele kwalifiseer, sowel as 20% in graad 8.

Leerders het gemengde gevoelens oor die nuwe slaagvereistes. Jean Marais in graad 11, meen dat die slaagvereistes definitief te hoog is. Bernhard Weyers is van mening dat die slaagvereiste te laag is en dat buitenuurse aktiwiteite dikwels as verskoning vir swak akademiese prestasies aangevoer word. Hy voel dat daar op 'n konkrete slaagvereiste besluit moet word en daarby gehou moet word. "Die gedurige veranderinge maak almal net deurmekaar".

Intussen het die Sunday Times op 13 September 2009 berig dat die vereiste persentasie vir onderskeidings verlaag moet word vanaf 80% na 70%.

Dit blyk dat die Minister van Onderwys, Me. Angie Motshekga meen dat enige een wat studeer het aan 'n

standaard Onderwysinstelling, behoort te weet dat 'n onderskeiding 80% en meer behels omdat dit die leerder onderskei van die res. Die skoolhoof van Pretoria Boys High, Mnr. Bill Schröder, meen dis 'n jammerte dat die waarde van 'n onderskeiding as minderwaardig afgemaak

word. Volgens Me. Barbara Creecy (Onderwys LUR), word daar gepoog om intensiewe opleidingskursusse aan Primêre opvoeders te verskaf. Hierdie kursusse is gemik daarop om probleme wat in die Grondslagfase mag ontstaan, aan te spreek. Nog steeds is dit het einde niet...


Gaan graad 8's en graad 9's akademies oorleef?

Voorgestelde vereistes om graad 8 en graad 9 te slaag:

50-59% in 3 leerareas
 • Primêre taal
 • Ander leerarea
 • Ander leerarea

40-49% in 3 leerareas
 • Wiskunde
 • Ander leerarea
 • Ander leerarea

Implementering van bogenoemde vereistes is intussen uitgestel na 2010.



Die huidige situasie: (Druipelige as % van groep)

Grafika: Gerhardt Nieuwoudt

Support services play a vital role

Dianno Baatjies

Rugby, soccer, hockey, debating... Whatever the school boys do always leads to some form of physical or mental injury, and all of these injuries need attention. That's why we have doctors, psychologists and many more great services available right at the school to keep our boys fit and healthy.

A sports instructor at our school believes "the physiotherapist is necessary for primary injury diagnosis and treatment, which is vital for sport, to get the players back on the field quicker." The physiotherapist is Mr James Wessels who is at the gym regularly. One of the learners said the program is painful but good.

The second phase of rehabilitation is handled at bio-kinetics, situated in Donald Murray Street. Bio-kinetics makes sure that the bio-mechanics are working in the right order. According to a grade 9 learner the training focuses on the whole body. He also

said, "I enjoy it and will definitely visit them again. The service is expensive, but it really helps." Another service, which is available at the school, is psychological counselling. Our psychologist deals with any stress or problems in the learners' lives and helps them overcome it.

One of the Grade 8 learners said, "They ask about any dreams or visions of death or life." He also said, "I feel like I have someone to talk to and who can help me." There are also a number of other services available for the students and with all the demands the Grey boys have, these services are absolutely necessary.

It is impossible to participate in a sport on a professional basis without the necessary support base. It is therefore essential to make optimum use of all available resources rendered by specialists at the school.

So whether you are academic or physical, there is someone to help you!

Sentrum antwoord vraag na fasiliteite

Léhan Bloemhoff

Die skietbaan van Grey Kollege is sedert 2006 in onbruik. Wetgewing het die aanbied van skyfskiet by alle skole sedert 2003 verbied en daarmee 'n trotse geskiedenis van prestasie deur Grey-leerders beëindig.

Slegs luggeweerskiet mag deur leerders beoefen word. Sedert 1938 het 20 oud-Greys Springbokkleure in skyfskiet verwerf. Voeg hierby die nege Springbokke in Kleiteikenskiet, drie in Boogskiet, twee in Silhoeëtskiet en een elk in Kleiduif- en Boogveldskiet, blyk die prestasie van Grey op skietgebied uitsonderlik te wees. Die vraag ontstaan nou: Hoe kan of gaan die onbenutte skietbaan in die toekoms aangewend word?

Volgens mnr. Volsteedt is die langtermynbeplanning om die skietbaan te omskep of te vervang met 'n binnenshuise sportsentrum. Afhangende van die aard en

infrastruktuur van die beoogde sportsentrum, kan hierdie ontwikkeling Grey se sport tot nog hoër vlakke voer. Die ontwerp van 'n moderne binnenshuise sportsentrum word bepaal deur die vraag na fasiliteite en dienste, en natuurlik deur die fondse beskikbaar.

Hierbenewens word 'n nuwerwetse sportsentrum beplan en ontwerp vir meerdoelige aanwending. Kan ons solank begin dink aan 'n sportsentrum met 'n sintetiese vloer wat vir hokkie, sokker, vlugbal, pluimbal, tafeltennis en krieket aangewend kan word? So 'n sportsentrum kan tot die uitbouing van die sogenaamde "kleiner" sportkodes aanleiding gee. Indien belangstelling en deelnemersgetalle eskaleer, verbeter prestasie en kan Grey Kollege se naam nog verder uitgebou word. Kom ons hoop dat die ontwikkeling liewers vroeër as later realiseer. Ons wag in spanning op die beoogde ontwikkeling!

Grey scores with Hertz

Hertz now offers preferential rates to everyone associated with Grey College.

Hertz travel advantages go a long way toward ensuring a carefree travel itinerary – whether on business or at leisure. Our reputation speaks for itself:

- World's largest car rental operation
- Prime airport and downtown locations in SA and abroad - over 7000 locations in over 140 countries
- Comprehensive up-to-date fleet, from luxury to runabout
- Door-to-door collection and delivery service
- 24-hour call centre for roadside assistance, information and emergencies
- Chauffeur drive service
- FlyDrive packages at highly competitive rates
- Hertz arranges specially adapted vehicles for physically challenged drivers, as well as baby car seats for our younger travellers

For your preferential Grey College rate go to www.greycollege.co.za and click on the Hertz logo or call **0861 600 136**.
Terms and conditions apply.

#1 in car rental worldwide

**KOSHUISVERBLYF VIR 2010
 HOSTEL ACCOMMODATION FOR 2010**
 Grey leerlinge / students (Gr 8-12)

HANSIE CRONJE HUIS

Ligging / Location:
 Donald Murraylaan 41
 41 Donald Murray Avenue
(oorkant hoofingang van die skool /
 opposite main entrance of the school)

Kontak / Contact:
 054 332 5699 (k/u · o/h)
 Ali Grunow - 082 900 4959



Hierdie 'Cherries' dra beslis nie rokkies nie

Verskeie sportspanne het met verloop van tyd unieke tradisionele name gekry

Bernhard Weyers

Wat weet jy van die Cherries? Hulle is die skool se tweede rugbyspan, hulle het rooi veters en hulle dra nommers op hul rûe. Maar wat nog? Waar kom die naam vandaan?

Die Cherries het in 1946 vir die eerste keer verskyn. Die naam is te danke aan die spontaneïteit en inisiatief van vyftien lewenslustige seuns wat vir Grey Kollege se tweede rugbyspan uitgedraf het. Hulle het die eerstespanne van Edenburg en Brandfort geklop en die naam het op die treinrit terug na Bloemfontein ontstaan.

Gelukkig het die kaptein, Koot "Bors" van Heerden en spanmaat Tas Botha die trein net betyds gehaal, anders was die geskiedenis heeltemal anders. Hulle daag toe op met houe "Cherry Liqueur" en alhoewel dit nie so welduidend klink soos Hardehout nie, hou Koos "Bors" vol met: "Julle hoef nie te worry nie, mnr. Van der Wal (toesighouer) sal ons nie hoor nie."

Die spelers het vreedzaam "gekuier" en tussen die ritme van wiele en gewieg gesing: "Have a cherry boys"
"Vat nog 'n cherry"
"Eet nog 'n cherry"

Met die neem van die spanfoto het Lourie Fick, slot van die tweede span, die bal spontaan by Koos "Bors" geneem en met wit bordkryt die woord "Cherries" en "1946" daarop geskryf. Sodoende het Lourie Fick die vader van die Cherries geword.

Dit is egter nie net die tweede span wat 'n besondere naam het nie. Volgens mnr. Nick Fryer, voormalige onderwyser en -afrigter van Grey het die volgende rugbyspanne name op dié wyse gekry: die derde span het op Peaches besluit omdat die vierdes die Playboys is. Die sesdes het 'n speler gehad wat se bynaam Varkie is en het



Danie Cronjé, skrumskakel van die Cherries, laat loop die bal teen Grey PE.

Foto: Tim van Biljon

hulle sodoende die Pigs geword. Daar is ook gerugte dat die span met 'n lewendige vark op die veld opgedaag het. In 1977 het die span van Queens College nog 'n span om teen te speel versoek. Die sewende span is toe die Crocks genoem omdat hulle die laagste span was.

Stories het ook rondgeloop dat die beseerde spelers van die eerstespan eers by

die Crocks gaan oefen het todat hulle gesond was. Dis waar die prentjie van 'n krokodil met 'n kruk vandaan kom.

Die hokkiespanne het egter ook unieke name. Die tweede span staan ook bekend as die Chillies. Die Chillies is in 2006 deur Justin Hamers en sommige van sy spanmaats begin, wat broeke en "pullovers" laat maak het met die Chillies-wapen op.

Jurie Swart, graad-11 leerder en voormalige Chillies-speler, meen dat wanneer 'n span 'n spesiale naam het, is daar meer trots en toewyding betrokke. Sy woorde is soos volg: "Om vir die Chillies op die Astro uit te draf wek 'n spesiale gevoel en trots."

So of jy nou vir dit of teen dit is, een ding is verseker: die spanname is hier om te bly.

Bolt het strawwe kompetisie



Mnr. Juan van den Berg met Scooter, die spoedvraat.

Foto: Harry Vogel

Luan Reynders

Wat is daardie swart gevaar wat so hardloop? Menige koshuisseun sal vir jou kan sê dat dit Murray-huis se koshuisbrak is.

Scooter is sy naam en sy baas is mnr. Juan van den Berg, Murray-huis se koshuisvader. Die naam Scooter kom van die televisie-program "Barney". Mnr. van den Berg se seun Victor wou sy eie Scooter gehad het. Hulle het hom by die DBV gekry as 'n babahondjie. Scooter is 'n mengsel tussen 'n Spanjoel, Labrador en 'n Windhond. Mnr. van den Berg sê dit is waar dié spoedvraat sy spoed vandaan kry. Dit is vir Scooter die lekkerste ding om om die

skool te hardloop met mnr. van den Berg en Victor langs hom in die motor. Dit is iets om te sien. Eers vat hy 'n ligte draffie, strek teen 'n paar bome, maak 'n paar merke en draf "plaashek" toe. Sodra die BMW deur die hek gaan, weet Scooter dis sulke tyd en trek ore plat, al langs die heining van die Windmill-velde... Volgens mnr. van den Berg is Scooter se topspoed 55km/h, vinniger as 100m-kampioen Usain Bolt. Scooter is saggeaard, energiek en hou baie van kinders. Hy bewys sy liefde vir die koshuisseuns deur hul tasse te merk. Scooter is nie die enigste hond op die werf nie, Ghanja (wat dagga beteken) is ook daar en net so vol lewe.

Visuele gehalte van kameras wek kommer

Franco du Toit

Die installering van kameras in en rondom die skoolgronde aan die begin van die jaar het gemengde gevoelens ontlok.

Volgens mnr. J.A. Volsteedt is die primêre doel van die kameras om die skool en die leerders se eiendom te beskerm en dissipline te versterk.

Die algemene gevoel onder die leerders is dat dit goed is vir die skool se dissipline, maar hulle voel dat die onderwysers hulle nie meer vertrou nie. Sekere skoliere wat gevra was om 'n oortreder uit te ken op 'n sekuriteitskamera se video-opname het ook gesê dat die visuele gehalte van die kameras te swak was om iemand uit te ken.

Na al die harde werk van die skool se Risiko-beheerspan bly die vraag: Is die kameras en die nuwe sekuriteitstelsel effektief en het dit 'n positiewe uitwerking op die skool? "Dit het diefstal grootliks verminder en klasdissipline het definitief verbeter," het mnr. J.A. Volsteedt gesê.

Die feit bly staan dat skoolmisdaad 'n hoë vlak bereik het en Grey moes aanpas. Die Risiko-beheerspan versoek alle leerders om te help om van Grey 'n aangename leeromgewing te maak.

Dit is elkeen se plig om iets wat verdag lyk, by die Risiko-beheerspan aan te meld. Wat elkeen kan doen, is om dié span te help en sodoende misdaad in die onmiddellike omgewing te bekamp.

Supporter of Grey College





Weg met suurstofdiewe

Vir 153 jaar het dit gewerk om te sê: "Grey Gentlemen do not need rules". Intussen moes ons ongelukkig skoolreëls en kameras kry om die dissipline van sekere seuns by die skool te verbeter. Seuns wat vergeet het dat hulle nie net regte het nie, maar eintlik net voorregte en verantwoordelikhede! Grey Kollege het julle nie nodig om voort te bestaan nie, intendeel Grey sal beter af wees sonder julle!

Deur die jaar is daar baie gepraat oor die suurstofdiewe, daardie seuns wat niks vir die Kollege beteken nie en wat net aanjaag. Die tyd het hulle egter ingehaal en daar is 'n paar gevra is om die skool te verlaat! Ek hoop dat dit sal dien as waarskuwing vir diegene wat ook op dieselfde pad is en dat hulle sal inval by die skool wat hulle aanvaar het. Grey is 'n skool waar almal besig is en wat oorvol is, so daar is nie plek vir seuns wat nie daar wil wees nie of ook nie hulle kant wil bring nie.

'n Besige kwartaal kom weer tot 'n einde, met vele hoogtepunte, maar tog ook 'n paar laagtepunte. Die matrieks se skoolloopbaan is nou in die pylvak. Die tyd het nou vir hulle aangebreek om ook op akademiese gebied te wys wat in hulle steek. Hulle het reeds op sportgebied gewys dat hulle 'n besondere matriekgroep is. Hulle het gehelp om die skool se gees weer op te tikker en het daarin geslaag om die dissipline van die seuns weer op te skerp.

Daar het groot transe gevloei met die 1ste rugbyspan se nederlaag teen Paul Roos Gimnasium en dit het die "Grey ekonomie" so bietjie gestrem. Die 1ste hokkiespan het hulle gewys wie is baas en daar was ook goeie oorwinnings in van die ander sportsoorte.

Die hoogtepunt op die musiekkalender, die Grey Musiekfees, het egter gehelp om van die skok te vergeet en vir die seuns gewys dat Grey baie sterker is as die uitslag van 'n rugbywedstryd. Die massakoor kon weer saam uit volle bors en met groot trots "Grey in Union" sing en na die pragtige stemme van Lize Beekman en Brandon October luister.



People always impress more than facilities

On the weekend of August 15 I had the pleasure of spending time at your school for the fixture against Glenwood High. This trip was my third trip to Grey and each time I am more astounded.

The people of Grey, be it staff, pupils, Old Boys, parents or fans made the trip well worth it. They were friendly and hospitable from the time we arrived 'till we left. Despite the Grey First XV winning comprehensively, not a single bad word or any gloating came from the Grey fans.

I must also mention the captain of the Grey First XV, Pieter Rademan. A few hours after the end of their game there was a social function at the hall. Myself and a few other Glenwood fans happened to be standing nearby. As Mr Rademan walked past one of the Glenwood fans congratulated him on a well-played game. Despite the fact that he was obviously heading to the function, he took time to speak to us and thank us for coming to Bloem to watch the game. This young man is indeed a credit to your school.

Kind regards
Navir Thakur



Redaksielys 2009

KERNREDAKSIE

Hoofredakteur Paul Cloete

Subredakteur: Nuus Harry Vogel

Subredakteur: Sport William Small-Smith

Subredakteur: Diepte Léhan Bloemhoff

Subredakteur: Joernaal Petri Claassen

Subredakteur: Kultuur Francois Venter

NUUS

Nicolaas Pienaar

Melo Mtombeni

Christoff Odendaal

Billy Grünow

Wimpie

Greyvenstein

Claudio Achadinha

Luan Reynders

Willie Louw

DIEPTE

Gerhardt Nieuwoudt

Bernhard Weyers

Franco du Toit

Dianno Baatjies

Faiq Fredericks

KULTUUR

Kevin Kok

Wijbren Nell

SPORT

Henri Brummer

Hendrik Wilken

Simon Sonnekus

Phil Boshoff

Helgard Claassen

Pieterjan Eloff

Jason Long

Armand Pretorius

JOERNAAL

Jay-G Gouws

KUNSTENAARS

Frans Burger

Phil Grimbeek

FOTOGRAWE

George Briedenhann

Philip Pieterse

Le Roux Oosthuizen

Pieter Bredenkamp

The greatest Grey Drummer of all times

Paul Cloete enjoys 6 Cokes and a drum with Tshepo Mokoena



Tshepo Mokoena is interviewed by Paul Cloete while enjoying a couple of Cokes in the Fischer Garden. Photo: Pieter Bredenkamp

Paul Cloete

How old were you when you started playing drums?

I was 6 years old, when I taught myself.

What inspired you to start playing drums?

In my Church there was a guy who played drums very well and he inspired me.

When was the first time you played drums at Grey?

It was in 2001, at a function in the Reunie Hall.

When did you make your first appearance as a drummer at the Grey Music Festival and what were your feelings?

(Whistles) I was in grade 9 and I always wanted to play at the Music Festival. It

was an amazing feeling, all the Grey boys from behind. Well it is actually an indescribable feeling!

Do you like to play solo in the Hall, when the boys ask you?

To be honest, when I was in grade 9, I used to love the attention, but later on it started to get too much. But I like it, when there are girls in the hall!

What is your dream as a drummer?

I want to play in Central Park, New York, on my DW-drum kit, worth R80 000.

How many drumsticks do you use in a year?

That's a hard question, because I have never counted them, but it is about 13 pairs.

If you can choose a band to perform with, who will it be and why?

Dave Matthews or Usher, because of all the



Favourites:

Food: Lasagne
Song: Human Nature - Michael Jackson
Movie: Troy
Place: Umhlanga Rocks, Gateway
Drum kit: DW
Band: Dave Matthews Band

other good musicians in those bands.

What are you going to do next year?
I want to do video editing at the SABC in Auckland Park, Johannesburg.

What will you miss the most at Grey next year?

My friends, Colour Blind, the hostel, the Music Festival and Mr Flash's tantrums.


Stabilis

Contact STABILIS at:
P.O. Box 13001, Brandhof, 9324
or e-mail: post@gc.co.za



Old Grey

Web page: www.greycollege.com



A call for Border area Old Boys to get involved

Support for reactivated Reunie activities is essential for all future events

Edwin Grant

After many years of inactivity the Reunie is glad to report that "Sleepy Hollow" has awakened with reactivated Old Grey activities in East London. We trust that the enthusiastic efforts of Gerhard Pretorius (1993) to rekindle the Grey spirit in the Border area will be sustained and expanded with the support of the many old boys in that part of the country.

The good old days were not always as marvellous as related by senior Old Greys, but many of these folk have experienced a great deal in their days at Grey and life itself. Two such men, Dallas Muir (1938) and Roy Norton (1945) have enthralled the East London youngsters with tales of their glory days at Grey and the legendary teachers they encountered.

